higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

NASIONALE SERTIFIKAAT (BEROEPSGERIG)

TOEGEPASTE REKENINGKUNDE

(Eerste vraestel)

NKR VLAK 4

(3011004)

4 Desember 2023 (X-vraestel)
09:00–12:00

'n Nieprogrammeerbare sakrekenaar mag gebruik word.

Hierdie vraestel bestaan uit 12 bladsye en 'n antwoordboek van 12 bladsye.

Kopiereg voorbehou

DEPARTEMENT VAN HOËR ONDERWYS EN OPLEIDING
REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA

NASIONALE SERTIFIKAAT (BEROEPSGERIG)
TOEGEPASTE REKENINGKUNDE
NKR VLAK 4
VRAESTEL 1
TYD: 3 UUR
PUNTE: 100

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Beantwoord al die vrae.
2. Lees al die vrae aandagtig deur.
3. Beantwoord al die vrae in die ANTWOORDBOEK wat verskaf is.
4. Toon alle berekeninge.
5. Moenie enige bladsye uit die ANTWOORDBOEK verwyder nie.
6. Gebruik die tabel hier onder as gids vir die hoeveelheid tyd wat jy aan die beantwoording van elke vraag moet bestee.
7. Gebruik slegs 'n swart of 'n blou pen.
8. Skryf netjies en leesbaar.

VRAE	ONDERWERPE	PUNTE	AANBEVOLE TYD
AFDELING A			
1	Alles	30	27 minute
2	Alles	30	27 minute
AFDELING B			
3	Aansuiwerings	40	36 minute
4	Wins-en-verliesberekeninge	30	27 minute
5	Finansiële state	50	45 minute
6	Invloed op rekeningkundige vergelyking	20	18 minute
		200	**180 minute**

Kopiereg voorbehou

AFDELING A

VRAAG 1

1.1 Verskeie opsies word as moontlike antwoorde op die volgende vrae gegee. Kies die antwoord en skryf slegs die letter (A–D) langs die vraagnommer (1.1.1–1.1.5) in die ANTWOORDBOEK neer.

1.1.1 Die brondokument wat vir die regstelling van 'n fout deur 'n junior rekenmeester gebruik word.

A Duplikaat kwitansie
B Joernaalbewys
C Kredietnota
D Tjekteenblad

1.1.2 Slegte skuld verhaal word as 'n ... in die algemene grootboek geklassifiseer.

A bate
B uitgawe
C inkomste
D las

1.1.3 ... word nie in die notas tot die balansstaat ingeskryf nie.

A Voorafbetaalde uitgawes
B Voorsiening vir slegte skuld
C Trekkings
D Voorsiening vir slegteskuldaansuiwerings

1.1.4 ... is 'n voorbeeld van 'n bedryfsbate.

A Kaskontant
B Opgelope uitgawe
C Bank (Kt.)
D Opgelope waardevermindering

1.1.5 'n Daling in die voorsiening vir slegteskuldaansuiwerings word aan die einde van die jaar na die ... -rekening afgesluit.

A wins en verlies
B verkope
C handels
D kapitaal

(5 × 1) (5)

1.2 Kies die korrekte woord of woorde uit dié wat tussen hakies verskaf is. Skryf slegs die antwoord langs die vraagnommer (1.2.1–1.2.5) in die ANTWOORDBOEK neer.

1.2.1 Bank (Dt.) word as 'n bedryfs- (bate/las) geklassifiseer.

1.2.2 Aan die einde van die finansiële jaar word koste van verkope na die (wins-en-verlies/handels) -rekening afgesluit.

1.2.3 Water en elektrisiteit wat aan die einde van die finansiële jaar steeds uitstaande is, word na die (opgelope uitgawe-/voorafbetaalde uitgawe) -rekening gepos.

1.2.4 Die eienaar van die onderneming het drukkerpapier vir persoonlike gebruik uit die kantoor geneem, daarom sal die trekkingsrekeninge (gedebiteer/gekrediteer) word.

1.2.5 Die (inkomstestaat/balansstaat) is die finansiële staat wat gebruik word om die onderneming se finansiële prestasie te bepaal.

(5 × 1) (5)

1.3 Zandile Nkabinde, 'n klein plaaslike entrepreneur van Flowers For All het die volgende inligting op 31 Maart 2021, die einde van die finansiële jaar, verskaf. Rond al die antwoorde tot 2 desimale af.

Totale verkope	R90 000
Koste van verkope	?
Inkomste	46 000
Uitgawes	?

Die volgende blomme is vir die jaar geëindig 31 Maart 2021 verkoop.

Kosprys van die blomme wat verkoop is	Totale kosprys
Laaie sonneblomme @ R35 per laai	R3 500
Laaie tulpe @ R35 per laai	R12 250
Laai affodille @ R35 per laai	R9 100
Totale koste van verkope	?

Bykomende inligting:

- Kontantverkope is 60% van die totale verkope.
- Uitgawes is 35% van die bruto wins.

1.3.1 Bereken die kontantverkope vir die jaar. (1)

1.3.2 Bereken die kredietverkope vir die jaar. (1)

1.3.3 Help vir Zandile om haar totale koste van verkope vir die jaar te bereken. (1)

1.3.4 Bereken die bruto wins vir die jaar. (2)

1.3.5 Bereken die totale uitgawes vir die jaar. (2)

Kopiereg voorbehou

1.3.6 Bereken die netto wins vir die jaar. (3)

1.3.7 Hoeveel laaie affodille het Zandile vir die jaar verkoop? (3)

1.3.8 Bereken die netto wins per laai blomme wat in die finansiële jaar verkoop is indien die onderneming 710 laaie blomme verkoop het. Gebruik jou antwoord in 1.3.6. (3)

1.3.9 Verduidelik die verskil tussen *netto wins* en *netto verlies* kortliks aan Zandile. (4)

[30]

VRAAG 2

2.1 Die volgende algemene-grootboekrekening is op 31 Mei 2022, die laaste dag van die finansiële jaar uit die boeke van Bala Wholesalers onttrek.

Koste van verkope

Datum	Detail	Fol.	Bedrag		Datum	Detail	Fol.	Bedrag	
1 Mei 2022	Totaal	o/b	50 000	00	17 Mei 2022	Handels-voorraad	**(2.1.1) …**	7 000	00
14 Mei 2022	Handels-voorraad	DJ	23 500	00	2022 Mei 31	**(2.1.3) …**	**(2.1.4) …**	115 000	00
27 Mei 2022	**(2.1.2) …**	KOJ	48 500	00					
			122 000	00				122 000	00

2.1.1 Gee die folioverwysing vir die kredietinskrywing van R7 000.

2.1.2 Gee die kontrarekening (detail) vir die debietinskrywing van R48 500.

2.1.3 Gee die kontrarekening (detail) vir die kredietinskrywing van R115 000.

2.1.4 Gee die folioverwysing vir die kredietinskrywing van R115 000.

2.1.5 Watter bedrag sal op 31 Mei 2022 as koste van verkope in Bala Bala Wholesalers se inkomstestaat verskyn?

(5 × 2) (10)

2.2 Die volgende inligting verskyn in die boeke van Aqua Water Supplies op 30 November 2022, die einde van die finansiële jaar:

Skryfbehoeftes (30 November 2021)	8 960
Kontantaankope van skryfbehoeftes	4 400
Aankope van skryfbehoeftes op krediet	3 250
Skryfbehoeftes voor hande (30 November 2022)	7 500
Handelsvoorraad (30 November 2022)	44 680

Bykomende inligting (nog nie in die onderneming se boeke ingeskryf nie):

- R400 se skryfbehoeftes wat tydens die jaar aangekoop is, is verkeerdelik in die salarisse-en-lonerekening ingeskryf.
- Die eienaar het vyf pakke skryfbehoefte (kosprys is R200 elk) vir persoonlik gebruik geneem.
- Die onderneming het vir Desember 2022 skryfbehoeftes ter waarde van R2 400 aangekoop. Die faktuur is op 30 November 2022 ontvang en betaal.

2.2.1 Gebruik die inligting om die skryfbehoeftesrekening in die algemene grootboek van Aqua Water Supplies op 30 November 2022 te voltooi en af te sluit. (9)

2.2.2 Voltooi die nota tot die balansstaat waarin die skryfbehoeftes op 30 November 2022 aangeteken sal word. (4)

2.3 Gebruik die inligting hier onder om die niebedryfsbates van Comfy Shoes op 30 April 2022, die einde van die finansiële jaar, te bereken:

Kapitaal	R412 000
Niebedryfslaste	R150 000
Bedryfslaste	R47 300
Handelsvoorraad	R34 200
Handels- en ander debiteure/ontvangbares	R48 100
Kontant en kontantekwivalente	R21 900

(7)
[30]

TOTAAL AFDELING A: 60

AFDELING B

VRAAG 3

Die volgende vooraansuiweringsproefbalans is op 31 Desember 2022, die laaste dag van hul finansiële jaar, uit die boeke van Underworld Book Store onttrek:

Vooraansuiweringsproefbalans van Underworld Book Store op 31 Desember 2022

	FOL	DEBIET		KREDIET	
Balansstaatrekeningafdeling					
Kapitaal (1 Januarie 2022)	B1			375 000	00
Trekkings	B2	41 800	00		
Grond en geboue	B3	150 000	00		
Voertuie	B4	275 000	00		
Opgelope waardevermindering van voertuie	B5			39 800	00
Toerusting	B6	145 800	00		
Opgelope waardevermindering van toerusting	B7			27 420	00
Handelsvoorraad	B8	51 700	00		
Bank	B9	14 980	00		
Kaskontant	B10	2 500	00		
Kleinkas	B11	1 200	00		
Debiteurekontrole	B12	37 400	00		
Vaste deposito: Neptune Bank (8%)	B13	275 000	00		
Lening: Saturn Bank (14%)	B14			160 000	00
Krediteurekontrole	B16			39 360	00
Nominalerekeningeafdeling					
Verkope	N1			816 010	00
Koste van verkope	N2	364 000	00		
Debiteuretoelatings	N3	1 200	00		
Boekhoufooie	N4	24 640	00		
Reklame	N5	13 400	00		
Slegte skuld	N6	9 720	00		
Kommissie ontvang	N7			22 400	00
Verbruiksvoorraad	N8	4 400	00		
Rente betaal	N9	14 978	00		
Rente op vaste deposito	N10			14 950	00
Huurgeld ontvang	N11			34 580	00
Salarisse en lone	N12	64 800	00		
Skryfbehoeftes	N13	3 504	00		
Water en elektrisiteit	N14	33 498	00		
		1 529 520	00	1 529 520	00

Kopiereg voorbehou

AANSUIWERINGS:

1. Die eienaar het die volgende boeke as kersgeskenke vir sy familie en vriende geneem:

Tipe boek	Aantal	Eenheidsprys (kosprys)	Eenheidsprys (verkoopprys)
Gruwel	4	R127	R296
Komedie	2	R192	R349

2. 'n Fisiese voorraadopname op 31 Desember 2022 het die volgende voorraad voor hande getoon:

   - Handelsvoorraad R50 000
   - Verbruiksvoorraad R 4 000

3. 'n Debiteur, Shakes Shabane, het verhuis en kan nie opgespoor word nie. Hy skuld die onderneming R3 200 en is nou insolvent verklaar. Vyf-en-sewentig persent van sy skuld is uit sy boedel ontvang. Die saldo moet as oninvorderbaar afgeskryf word. Geen inskrywing is vir hierdie transaksies gemaak nie.

4. Skep die voorsiening vir slegte skuld teen 4% van debiteure.

5. Waardevermindering aan voertuie en toerusting word soos volg voorsien:

   5.1 Voertuie teen 14% per jaar volgens die reguitlynmetode. 'n Afleweringsfiets is op 1 Augustus 2022 teen R20 000 by RM Motors aangekoop. Die inskrywing is reeds in die onderneming se boeke gedoen.

   5.2 Toerusting teen 15% per jaar volgens die verminderdesaldo-metode.

6. Die onderneming het op 1 Desember 2022 R30 000 uit die vaste deposito onttrek om die winkel op te knap en te moderniseer. Hierdie transaksie is korrek in die onderneming se boeke aangeteken. Pas die rente op die vaste deposito aan.

VERLANG:

Teken die aansuiwering op 31 Desember 2022 in die algemene joernaal aan. Omskrywings word NIE vereis nie. ***Rond jou antwoorde tot die naaste heelgetal af.***

[40]

VRAAG 4

Open die volgende rekeninge in die algemene grootboek van Dubai Arts and Crafts en pos die sluitingsinskrywings daarheen. Balanseer/Sluit die rekeninge op 30 November 2022 af.

4.1	Kapitaal	(6)
4.2	Huurgeld ontvang	(2)
4.3	Lone	(4)
4.4	Handelsrekening	(4)
4.5	Wins-en-verlies-rekening (toon alle bewerkings waar nodig)	(14)

[30]

Die volgende na-aansuiweringsproefbalans verskyn in die boeke van Dubai Arts and Crafts op 30 November 2022, die laaste dag van die finansiële jaar.

Na-aansuiweringsproefbalans van Dubai Arts and Crafts op 30 November 2022

	FOL.	DEBIET		KREDIET	
Balansstaatrekeningafdeling					
Kapitaal (1 Desember 2021)	B1			300 000	00
Trekkings	B2	25 000	00		
Grond en geboue	B3	250 000	00		
Toerusting	B4	126 000	00		
Opgelope waardevermindering van toerusting	B5			12 000	00
Vaste deposito: Dune Bank (12%)	B6	175 000	00		
Handelsvoorraad	B7	25 980	00		
Bank	B8	12 400	00		
Kaskontant	B9	1 000	00		
Debiteurekontrole	B10	21 450	00		
Voorafbetaalde uitgawes	B11	2 460	00		
Opgelope inkomste	B12	1 600	00		
Krediteurekontrole	B13			39 750	00
Opgelope uitgawes: Lone	B14			2 700	00
Inkomste vooruit ontvang	B15			1 350	00
Nominalerekeningeafdeling					
Verkope	N1			625 667	00
Koste van verkope	N2	216 540	00		
Debiteuretoelatings	N3	1 460	00		
Reklame	N4	14 460	00		
Kommissie ontvang	N5			24 000	00
Donasies	N6	1 920	00		
Rente betaal	N8	36 000	00		
Herstelwerk en instandhouding	N9	14 987	00		
Huurgeld ontvang	N10			4 980	00
Diverse uitgawes	N11	8 240	00		
Telefoon	N12	9 640	00		
Lone	N14	43 405	00		
Water en elektrisiteit	N15	22 905	00		
		1 010 447	00	1 010 447	00

VRAAG 5

Gebruik die inligting wat op 28 Februarie 2022, die einde van die finansiële jaar, uit die boeke van Giovani Jewellery Store onttrek is om die volgende voor te berei:

5.1 Inkomstestaat vir die jaar geëindig 28 Februarie 2022. (27)

5.2 Balansstaat op 28 Februarie 2022. Toon SLEGS die notas wat in die ANTWOORDBOEK vereis word.

LET WEL: Waar toepaslik, toon alle bewerkings tussen hakies. Rond jou antwoorde tot die naaste heelgetal af. (23)

[50]

AANSUIWERINGS:

1. Waardevermindering aan voertuie en toerusting word soos volg voorsien:

   - Voertuie teen 13% per jaar volgens die verminderdesaldo-metode.
   - Toerusting teen 12% per jaar volgens die kosprysmetode.

2. Global Security se rekening vir 24-uur sekuriteitsdiens vir Februarie 2022 is nog uitstaande. Global Security het die koste vir sekuriteit op 1 Februarie 2022 met 7,5% verhoog.

3. Skryf Siyanda Zulu se skuld as oninvorderbaar af. Siyanda skuld die onderneming vir twee ringe ter waarde van R1 260 elk.

4. Pas die voorseining vir slegte skuld tot 5% van debiteure aan.

5. 'n Fisiese voorraadopname op 28 Februarie 2022 het die volgende voor hande getoon:

   - Handelsvoorraad R 60 000
   - Drukwerk en skryfbehoeftes R 3 000

6. Giovani Jewellery Stores het huur vir 13 maande van hul huurder, Peter Sonjani, ontvang omdat hy met vakansie gaan. Die onderneming het die huur volgens die huurooreenkoms op 1 Maart 2022 met 10% verhoog.

7. Selfoonuitgawes van R1 360 is verkeerdelik na die versekeringsrekening gepos.

Kopiereg voorbehou

Vooraansuiweringsproefbalans van Giovani Jewellery Store op 28 Februarie 2022

	FOL	DEBIET		KREDIET	
Balansstaatrekeningafdeling					
Kapitaal (1 Maart 2021)	B1			225 000	00
Trekkings	B2	31 200	00		
Grond en geboue	B3	475 000	00		
Toerusting	B4	43 150	00		
Opgelope waardevermindering toerusting	B5			8 460	00
Voertuie	B6	198 000	00		
Opgelope waardevermindering voertuie	B7			32 450	00
Handelsvoorraad	B8	62 405	00		
Debiteurekontrole	B9	22 460	00		
Bank	B10	14 600	00		
Kaskontant	B11	2 000	00		
Voorsiening vir slegte skuld				800	00
Langtermynlening: Warner Bank (10%)	B12			175 000	00
Krediteurekontrole	B13			35 300	00
Nominalerekeningeafdeling					
Verkope	N1			770 498	00
Koste van verkope	N2	306 465	00		
Debiteuretoelatings	N3	1 460	00		
Slegte skuld	N4	875	00		
Slegte skuld verhaal	N5			2 450	00
Bankkoste	N6	2 160	00		
Selfoonuitgawes	N7	14 680	00		
Korting ontvang	N8			3 333	00
Versekering	N9	15 000	00		
Rente op lening	N10	17 500	00		
Regskoste	N11	9 260	00		
Drukwerk en skryfbehoeftes	N12	3 451	00		
Huurgeld ontvang	N13			98 250	00
Salarisse en lone	N14	41 520	00		
Sekuriteitsuitgawes	N15	37 950	00		
Water en elektrisiteit	N16	52 405	00		
		1 351 541	00	1 351 541	00

Kopiereg voorbehou

VRAAG 6

ITB Culinary School bied basiese en gevorderde sjefskursusse aan studente aan. Ontleed die transaksies hier onder op 31 Oktober 2022, die laaste dag van die finansiële jaar. Toon die rekeninge in die algemene grootboek wat gedebiteer en gekrediteer moet word. Toon die uitwerking op die elemente van die rekeningkundige vergelyking. Toon 'n toename met 'n +, 'n afname met 'n – en geen effek met 'n 0.

Rond jou antwoorde tot die naaste rand af.

Gebruik die tabel in die ANTWOORDBOEK om die transaksies te ontleed.

VOORBEELD:
Betaal Telkom vir telefoongebruik per tjek, R200.

Aantal	Algemene grootboek		Uitwerking op rekeningkundige vergelyking			
	Rekening Gedebiteer	Rekening Gekrediteer	Bates	Eienaars-belang	Laste	
Voorbeeld	*Telefoon*	*Bank*	*-200*	*-200*	*0*	

VERLANG:

6.1 Tydens Oktober 2022 het 100 studente die gevorderde sjefskursus @ R6 000 per persoon bygewoon. Anisa Mohammed, die opleier, word kommissie van R500 betaal vir elke persoon wat opgelei is. Op 31 Oktober 2022 is die kommissie nog nie aan haar betaal nie. (4)

6.2 ITB Culinary School het die volgende ou items aan 'n ouetehuis geskenk:

Item geskenk	Drawaarde
6-plaat gasstoof	R3 500
20-liter mikrogolfoond	R 650
Defy 220-liter kisvrieskas	R1 980

(4)

6.3 Die onderneming het klasgeld van twee studente verhaal wie se rekeninge voorheen afgeskryf is. Die fooi vir elke student is R4 500. (4)

6.4 Die onderneming het 'n nuwe gasstoof ter waarde van R20 000 op krediet by Jwelani Traders aangekoop. Die onderneming sal die gasstoof in twee gelyke paaiemente betaal. Die eerste paaiement is op 30 Oktober 2022 betaal. Toon die effek van die betaling van die eerste paaiement op die rekeningkundige vergelyking. (4)

6.5 Die onderneming het kontantverkope van R200 000 vir die jaar aangeteken. Die kredietverkope was een en 'n half keer meer as die kontantverkope. Toon die effek van hierdie sluitingsoordrag op die rekeningkundige vergelyking. (4)

[20]

TOTAAL AFDELING B: 140
GROOTTOTAAL: 200

Kopiereg voorbehou